

WET OP DIE SUID-AFRIKAANSE KWALIFIKASIE-OWERHEID 58 VAN 1995

[GOEDGEKEUR OP 28 SEPTEMBER 1995] [DATUM VAN INWERKINGTREDING: 4 OKTOBER 1995]

(Engelse teks deur die President geteken) soos gewysig by Wysigingswet op Onderwyswette 53 van 2000

WET

Om voorsiening te maak vir die ontwikkeling en implementering van 'n Nasionale Kwalifikasieraamwerk en om vir dié doel die Suid-Afrikaanse Kwalifikasie-owerheid in te stel; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.

Woordomskrywing

1. In hierdie Wet, tensy uit die samehang anders blyk, beteken-
 - i. "Direkteur-generaal" die Direkteur-generaal van Onderwys;
 - ii. "georganiseerde onderwysprofessie" 'n organisasie of unie wat 'n lid is van die Raad op Arbeidsverhoudinge in die Onderwys wat ingevolge die Wet op Arbeidsverhoudinge in die Onderwys, 1993 (Wet 146 van 1993), ingestel is en deur die Minister vir die doeleindes van hierdie Wet erken is;
 - iii. "geregistreerde" ingevolge die Nasionale Kwalifikasieraamwerk geregistreer;
 - iv. "kwalifikasie" die formele erkenning van die verwerwing van die vereiste aantal en reeks krediete en die voldoening aan die ander vereistes op bepaalde vlakke van die Nasionale Kwalifikasieraamwerk wat bepaal word deur die tersaaklike liggame wat vir dié doeleindes deur die Suid-Afrikaanse Kwalifikasie-owerheid geregistreer is;
 - v. "Maatskappy" 'n maatskappy of beslore korporasie ingevolge enige wet geregistreer en wat onderwys en opleiding vir sy werknemers of kliënte verskaf;
 - vi. "Minister" die Minister van Onderwys en, by die toepassing van artikels 4 (2), 4 (3), 4 (4), 4 (5), 4 (6), 5 (1) (c), 11, 13 (2), 14 en 15 (2), die Minister van Onderwys in oorleg met die Minister van Arbeid;
 - vii. "Nasionale Kwalifikasieraamwerk" die Nasionale Kwalifikasieraamwerk deur die Minister goedgekeur vir die registrasie van nasionale standaarde en kwalifikasies;
 - viii. "Owerheid" die Suid-Afrikaanse Kwalifikasie-owerheid ingestel by artikel 3;
 - ix. "standaard" geregistreerde verklarings van verlangde onderwys- en opleidingsresultate en hul verwante beoordelingskriteria;
 - x. "voorgeskryf" by regulasie voorgeskryf.

Oogmerke van Nasionale Kwalifikasieraamwerk

2. Die oogmerke van die Nasionale Kwalifikasieraamwerk is om-
 - a. 'n geïntegreerde nasionale raamwerk vir studieprestasies te skep;
 - b. toegang tot, en mobiliteit en progressie binne, onderwys, opleiding en loopbaanrigtings te fasiliteer;
 - c. die gehalte van onderwys en opleiding te verbeter;
 - d. die regstelling van onbillike diskriminasie in die verlede in die onderwys, opleiding en werkgeleenthede; en daardeur e. by te dra tot die volle persoonlike ontwikkeling van elke leerling en die sosiale en ekonomiese ontwikkeling van die hele volk.

Instelling van Suid-Afrikaanse Kwalifikasie-owerheid

3. Hierby word 'n regs persoon ingestel wat die Suid-Afrikaanse Kwalifikasie-owerheid heet.

Samestelling van Owerheid

4. (1) Die Owerheid bestaan uit 'n voorsitter wat ingevolge subartikel (2) aangestel is, die lede wat ingevolge subartikels (3) en (4) aangestel is, en 'n uitvoerende beampte wat ingevolge subartikel (7) aangestel is.
 - (2) Die Minister stel 'n persoon wat bekwaam is en oor ervaring beskik in aangeleenthede rakende die werksaamhede van die Owerheid, aan as voorsitter van die Owerheid.
 - (3) Die Minister stel die volgende persone as lede van die Owerheid op die wyse in subartikel (4) bepaal aan-
 - a. een lid deur die Direkteur-Generaal genomineer;
 - b. een lid deur die hoofde van provinsiale onderwysdepartemente genomineer;
 - c. een lid deur die Direkteur-Generaal: Arbeid genomineer;
 - d. een lid deur die Nasionale Opleidingsraad genomineer;
 - e. drie lede genomineer deur die nasionale organisasies wat die georganiseerde sakektor verteenwoordig;
 - f. twee lede genomineer deur nasionale organisasies wat die georganiseerde akademiese sektor verteenwoordig;
 - g. een lid genomineer deur die Komitee van Universiteitshoofde by artikel 6 van die Wet op Universiteite, 1955 (Wet 61 van 1955), ingestel;
 - h. een lid genomineer deur die Komitee van Technikonhoofde by artikel 2 van die Wet op Technikons, 1993 (Wet 125 van 1993), ingestel;
 - i. een lid genomineer deur die nasionale liggaam wat rektore van onderwyskolleges verteenwoordig en deur die Minister vir hierdie doel erken word;
 - j. een lid genomineer deur nasionale liggaam wat rektore van tegniese kolleges verteenwoordig en deur die Minister vir hierdie doel erken word;
 - k. een lid genomineer deur nasionale organisasies wat ander kolleges as onderwyskolleges en tegniese kolleges verteenwoordig en deur die Minister vir hierdie doel erken word;
 - l. een lid genomineer deur nasionale organisasies wat die volwassene- basiese onderwys- en opleidingssektor verteenwoordig en deur die Minister vir hierdie doel erken word;
 - m. een lid genomineer deur nasionale organisasies wat die vroeë kinderontwikkelingssektor verteenwoordig en deur die Minister vir hierdie doel erken word;
 - n. twee lede deur die georganiseerde onderwysprofessie genomineer;
 - o. twee lede genomineer deur nasionale organisasies wat lektore en opleiers verteenwoordig en deur die Minister vir hierdie doel erken word;
 - p. een lid genomineer deur nasionale organisasies wat die spesiale onderwysbehoefesektor verteenwoordig en deur die Minister vir hierdie doel erken word;
 - q. hoogstens ses lede deur die Minister aangestel na sy of haar goeddunke;
 - r. hoogstens twee lede wat deur die Owerheid na sy goeddunke gekoopteer is en by die Minister vir aanstelling aanbeveel is.

(4) Vir die doeleindes van die werwing van nominasies soos in subartikel (3) beoog, gee die Minister in die Staatskoerant kennis van sy of haar voorneme om lede van die Owerheid aan te stel, en versoek enige liggaam of organisasie op die terrein in subartikel (3) bedoel om die name van persone voor te lê wat uit hoofde van hul ervaring en kundigheid oor aangeleenthede wat verband hou met die werksaamhede van die Owerheid, geskikte kandidate vir aanstelling as lede van die Owerheid kan wees, en by die voorlegging van die name van kandidate moet behoorlike erkenning aan die beginsel van verteenwoordiging gegee word.

(5) Vir die doeleindes van die nominasies in paragraaf (n) van subartikel (3) beoog, word hoogstens een nominasie deur elke organisasie of unie gedoen.

(6) 'n Lid van die Owerheid, uitgesonderd die uitvoerende beampte, bekleë sy of haar amp vir die tydperk, wat nie drie jaar oorskry nie, en wat die Minister ten tyde van sy of haar aanstelling bepaal, en 'n lid kan vir een verdere ampstermyn aangestel word wanneer sy of haar oorspronklike ampstermyn verstryk.

(7) Die Minister moet, by die vul van 'n vakature, die bepalings van subartikel (3) in ag neem.

(8) Die lede in subartikels (2) en (3) beoog, stel met die goedkeuring van die Minister 'n bevoegde persoon as uitvoerende beampte aan op die diensvoorwaardes wat die Owerheid met die goedkeuring van die Minister bepaal, wat met die instemming van die Minister van Finansies verleen word.

Werksaamhede van Owerheid

5. (1) Behoudens die bepalings van subartikel (2), moet die Owerheid-
 - Kwalifikasieraamwerk; en
 - a. (i) toesig hou oor die ontwikkeling van die Nasionale
 - (ii) beleid en kriteria formuleer en publiseer oor-
 - aa. die registrasie van liggame wat verantwoordelik is vir die vasstelling van onderwys- en opleidingstandaarde of -kwalifikasies; en
 - bb. die akkreditering van liggame wat verantwoordelik is vir die monitering en ouditering van prestasies ooreenkomstig sodanige standaarde of kwalifikasies;
 - b. toesig hou oor die implementering van die Nasionale Kwalifikasieraamwerk, wat insluit-
 - i. die registrasie of akkreditering van die liggame in paragraaf (a) bedoel en die opdra van werksaamhede aan hulle;
 - ii. die registrasie van nasionale standaarde en kwalifikasies;
 - iii. stappe om die nakoming van bepalings vir akkreditering te verseker; en
 - iv. stappe om te verseker dat standaarde en geregistreerde kwalifikasies internasionaal vergelykbaar is;
 - c. die Minister adviseer oor aangeleenthede wat die registrasie van standaarde en kwalifikasies raak; en
 - d. verantwoordelik wees vir die beheer oor die finansies van die Owerheid.
- (2) Die Owerheid moet die oogmerke van die Nasionale Kwalifikasieraamwerk soos in artikel 2 bepaal, nastreef en die werksaamhede van die Owerheid soos in subartikel (1) bepaal, uitvoer-
 - a. na oorleg en in samewerking met staatsdepartemente, statutêre liggame, maatskappye, liggame en instellings wat vir onderwys, opleiding en die sertifisering van standaarde wat deur die Nasionale Kwalifikasieraamwerk geraak sal word, verantwoordelik is;
 - b. met behoorlike inagneming van die onderskeie bevoegdhede van die Parlement en die provinsiale wetgewers ingevolge artikel 126 van die Grondwet, sowel as die regte, bevoegdhede en werksaamhede van die beheerliggame van 'n universiteit of universiteit en 'n technikon of technikons soos in 'n Wet van die Parlement bepaal.

Werksaamhede van uitvoerende beampte

6. (1) Die uitvoerende beampte-
 - a. (a) is verantwoordelik teenoor die Owerheid vir die uitvoering van sy werksaamhede ingevolge hierdie Wet;
 - b. (b) hou toesig oor die beamptes en werknemers van die Owerheid; en
 - c. (c) is die rekenpligtige beampte van die Owerheid belas met verantwoording van geld ontvang, betalings gedoen en roerende eiendom aangekoop deur die Owerheid.
- (2) Die uitvoerende beampte word in die uitvoering van sy of haar pligte ingevolge subartikel (1) bygestaan deur die beamptes en werknemers van die Owerheid wat die uitvoerende beampte vir hierdie doel aanwys.

Bevoegdhede van Owerheid

7. (1) (a) Die Owerheid kan komitees instel en persone wat nie lede van die Owerheid is nie, in die komitees aanstel.
 - b. Die Owerheid stel die voorsitter van elke komitee aan.
 - c. Die Owerheid kan 'n komitee ontbind of hersaamstel.
 - d. Die Owerheid kan enige van sy bevoegdhede, uitgesonderd die bevoegdhede in hierdie artikel bedoel, aan enige van sy komitees delegeer, maar word nie ontdoen van 'n bevoegdheid aldus gedelegeer nie, en kan te eniger tyd so 'n delegasie terugtrek.
 - e. Die Owerheid kan enige besluit van so 'n komitee wysig of tersyde stel.
- (2) Die Owerheid kan geskille met betrekking tot die verrigting van sy werksaamhede in artikel 5 genoem, besleg.
- (3) Die Owerheid kan bates verkry en daarvan afstand doen.
- (4) Die Owerheid kan navorsing laat doen wat hy vir die verrigting van sy werksaamhede tersaaklik ag.
- (5) Die Owerheid kan enige ander werksaamheid verrig wat die Minister aanwys en wat op die Nasionale Kwalifikasieraamwerk betrekking het.

Vergaderings van Owerheid en komitees

8. (1) Die vergaderings van die Owerheid of 'n komitee word gehou op die tye en plekke wat die voorsitter van die Owerheid of die komitee, na gelang van die geval, bepaal.
 - (2) Die verrigtinge van die Owerheid of 'n komitee is nie ongeldig op grond van 'n vakature in die Owerheid of die komitee, na gelang van die geval, nie.
 - (3) Indien die voorsitter van die Owerheid of 'n komitee afwesig is van 'n vergadering van die Owerheid of 'n komitee, na gelang van die geval, kies die lede wat teenwoordig is uit hul geledere 'n persoon om by dié vergadering voor te sit.
 - (4) Die Owerheid kan reëls voorskryf met betrekking tot die prosedure by sy vergaderings of die vergaderings van 'n komitee, met inbegrip van die kworum vir sodanige vergaderings.

Ontruiming van amp deur lede van Owerheid

9. Die voorsitter of enige lid van die Owerheid in artikel 4 (3) bedoel, ontruim sy of haar amp indien-
 - a. sy of haar boedel gesekwestreer word of hy of sy 'n skikking met sy of haar skuldeisers aangaan;
 - b. hy of sy ingevolge die een of ander wet as 'n geestesongestelde persoon aangehou word;
 - c. hy of sy sonder die verlof van die Owerheid afwesig is van drie opeenvolgende vergaderings van die Owerheid;
 - d. hy of sy by skriftelike kennisgewing aan die Minister bedank; of
 - e. hy of sy, in die loop van sy of haar ampstermyn, skuldig bevind word aan 'n misdryf en tot gevangenisstraf sonder die keuse van 'n boete gevonnis word.

Fondse van Owerheid

10. (1) Die fondse van die Owerheid bestaan uit-
 - a. gelde deur die Parlement bewillig vir die bereiking van die oogmerke van die Owerheid;
 - b. gelde deur die Owerheid betaalbaar ten opsigte van die regulasies uitgevaardig kragtens artikel 14;
 - c. gelde verkry deur middel van lenings deur die Owerheid aangegaan met die goedkeuring van die Minister, verleen met die instemming van die Minister van Finansies;
 - d. skenkings, bydraes of tantièmes deur die Owerheid ontvang; en
 - e. rente op beleggings.
- (2) Die Owerheid wend sy fondse aan om uitgawes in verband met die verrigting van sy werksaamhede te bestry.
- (3) (a) Die Owerheid lê in elke boekjaar, op die tyd en in die vorm wat die Minister bepaal, 'n staat van sy geraamde inkomste en uitgawes vir die daaropvolgende boekjaar vir goedkeuring aan die Minister voor.
 - b. Die geld in subartikel (1) (a) beoog, word deur die Owerheid aangewend ooreenkomstig die goedgekeurde staat in paragraaf (a) bedoel, en enige onbestede balans word as 'n krediet na die volgende boekjaar oorgedra.
- (4) Behoudens die bepalings van subartikel (3) (b) kan die Owerheid enige gedeelte van sy fondse op die wyse belê wat die Minister, met die instemming van die Minister van Finansies, goedkeur.
- (5) Die Owerheid kan geleëde of kwytsteld-
 - a. vir die verlening van enige registrasie of akkreditering; en
 - b. vir enige dienste deur die Owerheid gelewer.

Beamptes en werknemers van Owerheid

11. Die Owerheid kan, behoudens die diensvoorwaardes met die goedkeuring van die Minister en die instemming van die Minister van Finansies deur die Owerheid bepaal, die beamptes en werknemers aanstel wat die Owerheid nodig ag vir die verrigting van sy werksaamhede ingevolge hierdie Wet.

Toelaes en besoldiging van lede van Owerheid en komitees

12. Die voorsitter, elke ander lid van die Owerheid en enige persoon wat kragtens artikel 7 (1) as 'n lid van 'n komitee aangestel is en, wat nie in die heeltydse diens van die Staat is nie, kan, ten opsigte van dienste deur hom of haar in verband met die sake van die Owerheid of 'n komitee gelewer, deur die Owerheid-
 - a. die reis-, verblyf- en ander toelaes; en
 - b. in die geval van die voorsitter van die Owerheid, die bykomende vergoeding, betaal word wat die Minister met die instemming van die Minister van Finansies bepaal.

Ouditering en jaarverslag

13. (1) Die rekeningboeke en finansiële state van die Owerheid uit elke boekjaar deur die Ouditeur-generaal geouditeer.
 - (2) Die Owerheid lê nie later nie as ses maande na die einde van elke boekjaar 'n verslag aan die Minister voor oor sy werksaamhede gedurende daardie boekjaar in die vorm wat die Minister bepaal, met inbegrip van 'n geouditeerde balansstaat en 'n staat van inkomste en uitgawes.
 - (3) Die Minister lê afskrifte van die verslag, met inbegrip van die balansstaat en staat van inkomste en uitgawes in subartikel (2) bedoel, binne 14 dae na ontvangs daarvan in die Parlement ter Tafel indien die Parlement in gewone sessie is, of, indien die Parlement nie in gewone sessie is nie, binne 14 dae na die aanvang van sy daaropvolgende gewone sessie.

Regulasies

14. Die Owerheid kan met die goedkeuring van die Minister regulasies uitvaardig oor-
 - a. enige aangeleentheid wat ingevolge hierdie Wet voorgeskryf moet of kan word;
 - b. die geld aan die Owerheid betaalbaar ten opsigte van aangeleenthede in artikel 10 (5) (a) en (b) bedoel; en
 - c. enige ander aangeleentheid ten opsigte waarvan regulasies nodig of dienstig is om uitvoering aan die bepalings van hierdie Wet te gee.

Oorgangsbepaling met betrekking tot bestaande liggame

15. (1) Enige liggaam wat ingestel was ingevolge die werksaamhede verrig wat soortgelyk is aan dié van die Owerheid soos bepaal in artikel 5, gaan voort om daagdaag werksaamhede te verrig totdat die liggaam by wet afgeskaf of sy werksaamhede by wet verander is.
 - (2) Geen liggaam in subartikel (1) beoog, word afgeskaf nie, en die werksaamhede van geen sodanige liggaam word verander nie, alvorens die Owerheid en die liggaam gesamentlik die implikasies van sodanige afskaffing of verandering in die implementering van die Nasionale Kwalifikasieraamwerk ondersoek het en 'n aanbeveling aan die Minister gedoen het.
 - (3) Hierdie artikel is nie van toepassing op 'n liggaam wat by 'n private Wet van 'n universiteit ingestel is nie.

Kort titel

16. Hierdie Wet heet die Wet op die Suid-Afrikaanse Kwalifikasie-owerheid, 1995.